

“Een negerin, een slavin en meer niet”: aspekte van die uitbeelding van slawerny in *Hoe duur was de suiker?* (Cynthia McLeod) en *Philida: ’n slaweroman* (André P. Brink)

Steward van Wyk

“Een negerin, een slavin en meer niet” [A negress, a slave and nothing more]: aspects of the depiction of slavery in *Hoe duur was de suiker?* (Cynthia McLeod) and *Philida: ’n slaweroman* (André P. Brink)

*This article explores the depiction of aspects of slavery in *Hoe duur was de suiker?* by the Surinamese writer Cynthia McLeod and *Philida: ’n slaweroman* by the South African writer André P. Brink. It commences with an outline of similarities and differences in slavery in the context of Surinam and South Africa. A discussion on the genre of slave novels follows. The analysis focusses on the depiction of physical and sexual violence perpetrated against slave women. The last section explores metaphors of freedom and looks specifically at literacy and shoes as such metaphors. It concludes with remarks on the comparative analysis of slave novels in the context of international Dutch Studies.*

1. Inleiding

Philida: ’n slaweroman deur André P. Brink verskyn in 2012, min of meer dieselfde tyd wat *Hoe duur was de suiker?*, die roman van die Surinaamse skrywer Cynthia McLeod uit 1987, in die Franschhoek-omgewing verfilm is. Die film, met heelwat Suid-Afrikaanse akteurs in die rolverdeling, is by sy première tydens die Nederlands Film Festival in 2013 positief ontvang. Die film is vervaardig om saam te val met die herdenking van die afskaffing van slawerny binne die Nederlandse koninkryk anderhalf eeu gelede (Van Zwol, 2013: 2).

Die romans en film vestig opnuut die aandag op slawerny en alhoewel die omstandighede aan die Kaap van dié in Suriname verskil, is daar ook opvallende ooreenkomste. Ena Jansen (2009: 5) betoog dat dit, ten spyte van groot verskille tussen Suid-Afrika en die Nederlandse Karibiese gebied, moontlik is dat die “literaire verwerking van slavernij als uitgangspunt voor vergelijkend onderzoek kan dienen” en dat dit boeiend sal wees om “op zoek te gaan naar patronen van ooreenkomsten tussen de twee literaturen”. In aansluiting by Jansen wil ek in hierdie artikel die uitbeelding van enkele aspekte van slawerny in die romans van McLeod en Brink ondersoek ten einde verdere raakvlakke tussen die literature na te speur.

McLeod se roman speel af in die periode 1765 tot 1779 in Paramaribo, die hoofstad van Suriname, en die omringende suikerplantasies. Binne hierdie

historiese tydsgreep speel ’n aantal intriges in die lewens van plantasie-eienaars en hul families af en word ’n beeld gegee van ’n welvarende gemeenskap, gebou op klasse- en rassehiërargie, wat deur die ekonomiese uitbuiting van slawe onderhou word.

Die primêre storielyn in *Hoe duur was de suiker?* (voortaan in die bespreking *Suiker* genoem) is dié van Sarith, die beeldskone, verwende en losbandige dogter van Joodse plantasie-eienaars, en Elza, haar minder mooi en doodgewone halfsuster. Sarith flankeer en het verhoudings met al die beskikbare mans in die kolonie en hulle vind haar onweerstaanbaar. Sy verlei selfs die eggenoot van Elza, Rutger le Chausseur, ongeërg oor Elza se gevoelens. Nadat Elza egter swanger raak, besluit Rutger om voortaan aan sy vrou getrou te bly, tot frustasie van Sarith wat daarna met die onaantreklike plantasie-eenaar Julius Robles de Medina in die huwelik tree net sodat sy die stigma van ’n ongehude vrou kan ontkom. Sy pleeg owerspel en wanneer Julius daarvan te hore kom, verwerp hy haar. Hy raak gaandeweg aangetrokke tot die versorger van hul seun, die slavin Mini-mini. Sarith reageer woedend hierop en besluit om Mini-mini te verkoop. Op die nippertjie slaag Julius daarin om haar vry te koop, net voordat sy weggevoer word na ’n ander plantasie.

Van die kritiek op die boek is gemik op die soetsappige en melodramatiese storielyn. Die kritikus Anil Ramdas tipeer dit as “een historiese streekroman van matige kwaliteit” (aangehaal in Van Kempen, 2003: 1050). Van Kempen (2003: 1049) teken beswaar aan teen die konvensies van die massalektuur en vind dat McLeod te veel aansluiting vind by die groot aantal “dokters- en kasteelromannetjies”. Alhoewel dit volgens hom geen groot literatuur is nie, bevind hy dat die wyse waarop historiese inligting verwerk is, respek afdwing: “de schrijfster slaagt er ook grotendeels in de historische feiten een zinvolle en afgewogen verbinding te doen aangaan met de fictieve handelingen van de hoofdpersonen” (Van Kempen, 2003: 1049).

Brink se roman vertel die storie van die slavin Philida wat omstreeks 1832, dus kort voor die vrystelling van slawe in Suid-Afrika, as breimeisie gewerk het op die plaas Zandvliet van Cornelis Brink, vermoedelik ’n voorsaak van die outeur self. Cornelis se seun Frans verwek vier kinders by Philida, maar doen nie sy belofte gestand dat hy haar sou vrykoop en met haar trou nie. Om die plaas van bankrotskap te red, moet Frans met die ryk dogter van die Berrangés van die Kaap trou en Philida word op ’n veiling aan die De la Bats op Worcester verkoop. Vermoedelik vermoor sy haar jongste kind Kleinfrans om te verhoed dat hy in slawerny gebore word en daarin vasgevang bly.

Die kontroerse rondom die toekenning van die Jan Rabie en Marjorie Wallace-skrywersbeurs aan Brink vir die skryf van die roman, het die ontvangs daarvan oorskadu en baie resesente se oordeel oor die boek beïnvloed (Malan, 2012:

18). Gerwel (2012: 9) bevind dat dit “nie Brink se grootste óf mees vernuwend roman [is] nie, maar dis ’n waardige toevoeging tot ’n indrukwekkende oeuvre. Dis veral ’n kragtige herinnering aan die verlede waaruit ons kom, ’n verlede wat soveel van vandag se patrone van sosiale wangedrag gekondisioneer – en selfs – bepaal het.” Jansen (2012) is eweneens positief oor Brink se strukturering van die gegewe en kom tot die gevolgtrekking dat hy “as betrokke skrywer wel deeglik ’n poging mág aanwend om onkenbare en ontwykende 19de-eeuse base én slawe se stories te vertel. En om ook te kyk wat dit vir ons huidige tydvak te sê het.”

Al twee romans gee ’n gefiksionaliseerde beeld van die slawegeskiedenis, ingeklee teen die agtergrond van werklike historiese gebeure. Dit word byvoorbeeld op prys gestel dat *Suiker* ’n beeld gee van die lewe van Jode in Suriname en dat dit die ekonomiese verhoudinge tussen Nederland en hierdie kolonie, gebeure soos die geelkoorsepidemie, die bou van die Kordonpad en die administrasie van goewerneur Nepfeu boekstaaf (Van de Louw, 1995: 436-440; Van Kempen, 2003: 1049). *Philida: ’n slaweroman* (voortaan in die bespreking *Philida* genoem) skets die Kaap kort voor die afskaffing van slawerny – ’n tyd van onsekerheid waarin spanninge tussen die owerhede, burgers en slawe hoog geloop het (Van Bart, 2012: 122-124).

2. Slawerny aan die Kaap en in Suriname

Vanaf die 15de eeu het Nederland ’n uitgebreide koloniale ryk opgebou en ’n erfenis in daardie gebiede nagelaat wat nog lank na dekolonisasie sou duur. Hierdie gebiede sluit Suid-Afrika, Suriname, die Antille, Brasilië, Indonesië en ook die staat New York in. Die kolonies sou ’n groot bydrae tot die welvaart van die Nederlandse ryk lewer; die maritieme en handelsbedrywighede van Nederlanders in die metropool en die kolonies het die onderbou gevorm van wat vandag bekend staan as die Hollandse Goue Eeu.

Die Nederlandse koloniale ryk was aanvanklik onder beheer van twee maatskappye: die Verenigde Oostindische Compagnie (VOC) vir die Kaap en die Ooste en die Westindische Compagnie (WIC) vir die Nuwe Wêreld. Terwyl die Oosterse handelsroete grotendeels op speserye toegespits was, het die handel met die Wes-Indiese Eilande hoofsaaklik gesentreer rondom tabak, suiker en koffie (Smeulders, 2012: 49).

Slawerny kan teruggevoer word na die Antieke en Romeinse tyd toe wydverspreide praktyke van gedwonge en onvrye arbeid plaasgevind het (Blakely, 1993: 4; Boos, 2011: 11-14). Die Hollanders was reeds sedert die einde van die 16de eeu betrokke by slawehandel en ’n belangrike deel van die VOC en WIC se aktiwiteite en hul winste was gebou op slawehandel. Tydens die opbloei van die Nederlandse koloniale ryk was beide maatskappye betrokke by die voorsiening

van groot getalle slawe aan kolonies om in die groeiende behoefte aan 'n arbeidsmag te voorsien.

In die Wes-Indiese Eilande is slawe ingevoer vanaf die weskus van Afrika, en plekke soos Angola, die Kongo en Guinee was 'n belangrike bron vir slawe na Brasilië en die Antille. Vir byna drie eeue, van 1612 tot 1872, het Nederland 'n tiental forte, waaronder die bekendste Fort Elmina aan die Goudkus (vandag bekend as Ghana), besit waarvandaan slawe na Noord- en Suid-Amerika verskep is (Van Engelen, 2013). Blakely (1993: 7) voer aan dat slawehandel, met die vestiging van Curaçao as 'n slawedepot in 1654, die belangrikste aktiwiteit van die WIC geword het, in so 'n mate dat slawe aan ander koloniale moondhede soos Spanje en Frankryk voorsien kon word.

Die slawehandel onder die VOC het 'n ander trajek gevolg. Die VOC het in beperkter mate aan die slawehandel deelgeneem en alhoewel slawe tydens die VOC-bewind sporadies vanuit Afrika na die Ooste en omgekeerd verskep is, is die behoefte aan slawe-arbeid in die Ooste grotendeels deur inheemse Asiatische slawepraktyke gevul.

Van Galen (2013: 64) beskryf die verskil in die benadering tot slawerny tussen die VOC en die WIC, die oostelike en die westelike deel van die Nederlandse Koninkryk, as volg:

Het begrip slavernij wordt in Nederland doorgaans in verband gebracht met de West [...] Voor Oost-Indië is echter het slavenwezen volgens historici nooit van een zo kardinaal belang geweest. Zogenoemde “lyf-eigenen” (men schaamt zich voor het woord “slaaf”) dienen daar vooral als huisbedienden en ambachtslieden, met name als schrijnwerker, goud- en zilversmid. In de West daarentegen is “de geheele economische toestand met de handhaving der slavernij gemoeid”. Suriname is een slavenmaatschappij, Nederlands-Indië een maatschappij met slaven. Op Java is de slavernij ook een minder massaal verschijnsel dan in Suriname waar de landerijen bewerkt word door een “slavenmacht” van soms honderden koppen, dicht naast elkaar gehuisvest in rijen hutten op de plantage.

Met betrekking tot die Kaap is daar die opmerklike anomalie dat slawe uit die Ooste, hoofsaaklik Maleisië, na die suidpunt van Afrika ingevoer is. Ook vanuit Mosambiek, en later Madagaskar en Angola, is slawe na die Kaap ingevoer. Die rede hiervoor is dat die plaaslike Khoekhoen-stamme nie erg gehad het aan gereguleerde arbeidspraktyke nie en dus nie beskikbaar was as 'n goedkoop bron van arbeid nie: “The Khoikhoi, for as long as they retained access to their independent means of subsistence, would prove a reluctant and inadequate labour force. Moreover, as so many European settlers discovered in other parts of the world, indigenous populations were notoriously difficult to enslave” (Dooling, 2007: 21). Hulle is ook fisiek ongeskik gevind vir akkerbou en handarbeid (De Villiers, 2012: 44).

3. Enkele opmerkings oor die genre-omskrywing “slaweroman”

’n Aantal terme word gebruik om te verwys na die genre waarin die twee tekste geplaas kan word. Hieronder tel “slawernyromans”, “slawenarratiewe” en “nieu-slaweromans”. Alhoewel hierdie terme dikwels nie verhelder word nie, is dit duidelik dat daar verwys word na romans waarin die uitbeelding van slawerny die onderwerp is. In ’n onlangse artikel munt Johan Coetser (2014: 239) die term “slawedrama” in sy bespreking van Reza de Wet se teks *Die see*. Sy gebruik daarvan is gegrond op die uitgangspunt dat “die storie in die drama [...] binne die breë veld van die slawegeskiedenis en by wetenskaplike navorsing oor die onderwerp [moet] inpas”. Dit gaan vir hom oor die narratologiese en diskursiewe strukture in ’n teks waarvan die grondstof ontleen is aan “optekening deur ’n slaaf self of aan die optekening van ’n slaaf se storie deur ’n tussenganger” (Coetser, 2014: 239). Hy vind aansluiting by Murray (2010: 305) wat skryf: “skrywers van sulke narratiewe skep dus moontlike scenario’s, konstrueer verklarings en maak voorstellings om die gapings te vul wat in historiese dokumentasie gelaat is”.

Bostaande opvattinge van Coetser en Murray kom baie na aan die omskrywing van “nieu-slaweromans” wat binne die Amerikaanse literatuurgeskiedenis gebruik word. Dit verwys na “contemporary novels that assume the form, adopt the conventions and take on the first-person voice of the antebellum slave narrative” (Rushdy, 1999: 3). Hierdie romans, wat na 1960 verskyn het, word dus onderskei van die outobiografiese en/of opgetekende verhale van ontsnapte, vrygekoopte of vrygestelde slawe uit die Amerikaanse Suide van omstreeks die middel tot laat 1800’s. Die bekendste voorbeelde van laasgenoemde is *Narrative of the life of Frederick Douglass, an American slave, Written by Himself* (1845) en Solomon Northup se memoir *Twelve Years a Slave* (1853) waarop die Oscar-bekroonde film van 2013 gebaseer is.

Philida en *Suiker* kan dus getipeer word as “nieu-slaweromans” omdat beide romans ’n gefiksionaliseerde voorstelling van die slawegeskiedenis gee, gebaseer op outentieke argivale en historiese navorsing en ander wetenskaplike studies. In die afwesigheid van outentieke, eerstepersoonsvertellings deur slawe in die Suid-Afrikaanse konteks – Viljoen (2002: 93) verwys daarna as “geskrewe egodokumente van slawe” – asook ter wille van eenvoud, gebruik ek die term “slaweromans”. Dit strook ook met die volledige titel van Brink se boek: *Philida: ’n slaweroman*.

4. Aspekte van die voorstelling van slawerny in die twee romans

In beide romans is die twee vroue, Mini-mini en Philida, in die sentrum van die gebeure. In die analise wat hieronder volg, val die fokus op die voorstelling van

die slawevrou. Omdat vroue dikwels die ergste onder slawerny gely het, is die doel hiervan om aan die hand van die uitbeelding van hierdie vroue se lot die ongenaakbare omstandighede van slawerny uit te wys, maar ook, soos later sal blyk, die moontlikhede van hoop en uitkoms uit hierdie toestande te belig.

4.1 *Die slawevrou*

Met sy aankoms in 1773 in Paramaribo, die hoofstad van Suriname, merk John Gabriel Stedman op:

Toen ik aan land stapte was het eerste dat ik zag een hoogst ellendige jonge vrouw in ketenen, alleen bedekt door een vod rond haar lendenen, die, evenals haar huid, op de meest schokkende manier gesneden en gekerfd waren door zweepslagen [...] Haar misdaad was dat ze haar taak niet vervuld had, waartoe zij zichtbaar niet in staat was (aangehaal in Van Galen, 2013: 60).

Hierdie opmerking, opgeteken in die vierdelige joernaal van Stedman, 'n Skotse huurling in diens van die State-Generaal wat moes help in die stryd teen weggeloopte slawe, beskryf die ongenaakbare en mensonterende omstandighede waarin slawevroue op die suikerplantasies geleef het.

In haar studie oor swart Amerikaanse vroueskrywers se hantering van die Amerikaanse slawegeskiedenis merk Elizabeth Ann Beaulieu (1999: 1) as volg op oor die lot van die swart vroueslaaf: “Black women suffered the greatest indignities of slavery; often forced to work in the fields alongside enslaved males, they were also vulnerable to sexual violation and forced reproduction, and frequently had their children sold away from them”.

Hierdie aspekte is terug te vind in die uitbeelding van Philida – sy word ekonomies en seksueel uitgebuit, wreedaardig afgeransel en verkrag, willoos weggevoer en verkoop, bedrieg en om die bos gelei, as leuenaar uitgekryt, verneder en van menswaardigheid beroof. Philida verwoord dit so: “Dis nie veel van 'n lewe wat ek op Zandvliet het nie, met dag en nag werk en slaie kry en altyd doen wat ander mense sê ek moet doen, en alles wat daarmee saamloop. Dis my hele lewe” (Brink, 2012: 20).

Een van die ekstreme voorbeelde is wanneer Cornelis Brink twee slawe dwing om Philida te verkrag. Die verloop van gebeure verhewig die mensonterende omstandighede waarin Philida haar bevind. Eers word sy gedwing om van haar klere ontslae te raak en naak saam met die manlike slawe te verskyn. Dan moet sy op die slaanbank gaan lê en vervolgens moet die slawe haar beurtelings verkrag terwyl hulle deur Cornelis met die sambok aangehits word. Dit alles gebeur sodat Cornelis kan aanvoer dat Frans nie die vader is van haar kinders en die kind wat sy verweg nie, maar dat dit een van die slawe s'n is. Hiermee word

dus 'n weergawe gefabriseer wat Philida se waarheid oor haar eie swangerskap tot leuen maak en haar stem in die matrilineale diskoers stilmaak.

Die uitbeelding van die lotgevalle van die slavin Mini-mini in *Suiker* toon ooreenkomste met dié van Philida. Haar moeder Kwasiba word verkrag deur die plantasie-eienaar Jacob Aäharon en sy seun Ishaak en sy is dus bloedfamilie van Sarith (McLeod, 1997: 13):

Ze [Mini-mini] was mooi, dat wist se [...] Ze begreep wel dat 'mooi' meestal al gezegd werd, als iemand blank bloed had, en zij had immers een blanke vader. Haar moeder had haar verteld, dat zowel masra Jacob Aäharon als zijn achttienjarige zoon toen met haar sliepen. Een van de twee was dus haar vader, maar Mini-mini had daaraan heus niet veel, ze was gewoon slavin. Wat gaf het dat je mooi was als je toch een slavin was?" (McLeod, 1997: 159-160).

Sy bly die getroue lyfslaaf van Sarith; benewens die versorging van Sarith moet sy ook haar owerspel wegsteek en haar rol as moeder van Jethro oorneem. Dit vrywaar Mini-mini egter nie van geweld nie, want voordat sy op die veiling gebring word, word sy eers deur die slawehandelaar Beunekom verkrag (McLeod, 1997: 268).

Die voorstelling van Mini-mini kom ooreen met die Mammy-figuur in die Amerikaanse slawenarratief:

She was a woman completely dedicated to the white family, especially to the children of that family. She was the house servant who was given complete charge of domestic management. She served also as friend and advisor. She was, in short, surrogate mistress and mother" (White, 1987: 49).

In Afrikaans sou dit waarskynlik die soogmoeder-figuur wees.

In die slawegemeenskap, soos uitgebeeld deur McLeod, is daar egter 'n duidelike hiërargie en bepaalde kodes wat die gedrag van meesteres en slavin bepaal: "Sommige zaken waren nu eenmaal een ongeschreven code, en een slavin begon nimmer over een delicaat onderwerp te spreken, zelfs al had ze haar meesteres gezoogd en vanaf geboorte als een moeder verzorgd" (McLeod, 1997: 59).

Dit verklaar die swaar straf wat die slavin Ashana kry nadat sy dit durf waag het om Sarith tereg te wys oor haar owerspel met Elza se man. Sy word gedwing om op die bank te gaan lê en word heelnag deur die basya (hoofslaaf) met 'n sweep geslaan, waarna sy die volgende nag aan haar wonde beswyk. Sarith se verweer oor die ongenadige straf is: "Als ze het weer zou doen, zou ik haar weer laten afranselen, zodat ze goed kan beseffen dat ze een negerin is; een slavin en meer niet!" (McLeod, 1997:130)

Met hierdie insident toon McLeod ook dat slawevroue nie minder nie, maar dikwels erger geweld moes verduur aan die hand van die eienares/vrou van

die slawe-eienaar. Vergelyk in hierdie verband die behandeling wat Philida van Janna kry. White (1987: 41) se verduideliking hiervoor binne die konteks van die Amerikaanse Suide is dat die wit vrou dikwels onderdruk is deur die wit plantasie-eienaar en dat hulle hul magteloosheid op die slavin uitgehaal het: “Southern white women were powerless to right the wrongs done them, but some did strike back, not always at Southern patriarchs, but usually at their unwitting and powerless rivals, slave women”. Slavinne wat lig van kleur was, is ook gesien as bedreiging vir die wit vrou en moes dit dikwels ontgeld. In die slaweliteratuur is daar veelvuldige verhale van die toorn wat ’n slavin moes verduur aan die hand van die jalouse vrou van ’n slawe-eienaar: van hulle is geskend, vermoor en verkoop (White, 1987: 40-42).

Die lotgevalle van die slavin word veral gekenmerk deur seksuele misbruik. ’n Sprekende voorbeeld hiervan is die gebeure met Fransina en Doornie Schutte in *Philida*. Hy misbruik sy gesagsposisie as predikant om Fransina oor te haal om seksueel met hom te verkeer. Vir haar seksuele gunsies belowe hy vryheid vir haar kinders.

Hy’t haar gemaak lê en by haar ingebreek, en daar kom haar twee kinders toe vandaan, eers Philippina en later Emma, twee mooi meisiekinders. Wat haar gemaak lê het, was dat die Doornie haar met sy groot wit hand op die Bybel geblo het. Fransina het dit goed gekyk, met dié hand op die Woord blo hy voor die Jirregot en Abraham, Isak en Jakob, hy sal die kinders vrymaak wat sy vir hom gee tussen haar bene uit, en dis dié wat Fransina maar gaan lê en sy maak saam met hom vir Philippina en Emma (Brink, 2012: 25).

In haar bespreking van die seksuele kwesbaarheid van slavinne noem Murray (2010: 312) dat huisslavinne veral uitgelewer was aan seksuele uitbuiting deur slawe-eienaars; hulle is gebruik as “telers’ van nuwe slawe en as seksuele objekte vir die ‘gebruik’ van slawe-eienaars”. ’n Aantal insidente in Brink se roman weerspieël die seksuele kwesbaarheid van die slavin; hieronder tel die verkragting van Philida, haar onderonsies met Cornelis Brink, die beskrywing van die slaweteelplaas, asook die gebeure met die slavin Lavinia (Brink, 2012: 175) en Fransina na wie hierbo verwys is. Soortgelyke insidente speel af in *Suiker*, soos die reeds genoemde verkragting van Kwasiba en Mini-mini, en daarom is Mini-mini se woorde, wel uit ’n ander konteks geneem, ook hier sprekend: “Als je slaaf was, bestond er nu eenmaal niet zoiets als privacy” (McLeod, 1997: 159).

4.2 *Metafore van vryheid*

In die opgetekende verhale oor slawe is daar deurgaans sprake van die slaaf se strewe na vryheid: van opstande en koelbloedige moord op die slawemeester

en sy gesin (soos in die storie van Galant in *Houd-den-bek* wat gegrond is op 'n historiese gebeurtenis en hofverslae daaroor) tot erge strawwe vir opstandelinge en ontsnapte slawe soos in die verhaal van Abraham in *Philida* wat by die Kasteel aan die galg gehang is (Brink, 2012: 13, 78-79). Een van die storielyne in *Suiker* is van die weggeloopte slawe, die bosnegers/marrons, wat onder aanvoering van hul leier (Boni) 'n skrikbewind op die plantasies voer en teen wie langdurige veldtogte gevoer word. Die roman skets 'n positiewe beeld van die marrons as 'n selfgenoegsame groep wat in vrede gelaat wil word:

De bosnegers zouden zich nooit overgeven, nooit, het enige wat ze wilden was vrede en met rust gelaten worden; als ze niet meer achtervolgd werden, dan beloofden ze geen plantages meer aan te vallen, want dan zouden ze rustig hier in hun dorpen blijven wonen en leven van wat ze plantten en wat het bos opracht. Weer slaaf worden, dat nooit (McLeod, 1997: 217).

Vervolgens wil ek egter aandag gee aan twee subtieler uitdrukkings van die strewe na vryheid soos uitgedruk in metafore van vryheid (sien ook Le Cordeur, 2013: 492-493). Albei romans ontgin hierdie metafore om daarmee die slaaf se strewe na vryheid uit te beeld. In hierdie analise val die fokus op metafore wat in beide romans voorkom om daardeur raakvlakke tussen die romans uit te wys. Wat *Philida* betref, is daar reeds gewys op breiwerk en water as metafore van vryheid (sien Jansen, 2012; Le Cordeur, 2013: 492). In McLeod se roman dien die rituele negerdans, “winti dansi” (1997: 49), as uitdrukking van momente van vryheid vir die slawe na 'n dag van arbeid op die suikerplantasies. Die eerste metafoor wat ek in beide tekste wil uitwys, is die handeling van lees en skryf.

Die lewensbelangrikheid van lees en skryf word duidelik in die lewensverhaal van Frederick Douglass wat homself leer lees en skryf het en daarna sy outobiografie *Narrative of the Life of Frederick Douglass, An American Slave, Written by Himself* (1844) gepubliseer het. Beaulieu (1999: 8) merk hieroor op: “Learning to read and to write were crucial steps for Douglass in the process of learning to control his own story and, by extension, in confirming his existence and his self-worth by telling that story”. Om te leer skryf, was vir die slaaf 'n handeling wat in die verhouding van geletterdheid-identiteit-vryheid lê.

Onder slawe-eienaars was daar wydverspreide konsensus dat 'n slaaf wat nie kon lees of skryf nie, makliker beheer kon word. 'n Slaaf wat betrap is dat hy/sy leer om te skryf, is gestraf met bykomende werk, lyfstraf en is selfs verkoop: “Literacy was a subversive act; to ‘steal’ learning was more threatening to the established white male patriarchy than to steal food for hungry children” (Beaulieu, 1999: 8).

Philida se bevryding begin wanneer sy 'n klag teen Frans Brink by die beskermer op Stellenbosch gaan lê: “Ek het vry geword die dag toe ek besluit het om my klag teen Frans te loop lê” (Brink, 2012: 300). Deur in skrif te laat vaslê

hoe Frans sy erewoord teenoor haar verbreek het, verhoed sy dat dié vergryp voortgesit word en bevry sy haarself simbolies.

Van die eerste dinge wat Philida doen wanneer sy aan die De la Bats op Worcester verkoop word, is om vir die slaaf Labynt te vra om haar te leer lees en skryf. En nadat sy hierdie moeilike vaardighede bemeester het, is dit vir haar 'n triomf om Frans Brink se naam te skryf:

Sy probeer nie uitlê hoekom dit juis vir haar so belangrik is om die naam te leer skryf nie. Maar mettertyd reken sy dit vir haarself uit dat met dié letters op 'n lei of 'n stuk papier, soos die laaste blaaie in 'n Bybel, kan jy sê, het sy nou 'n soort houvas op Frans begin kry. Sy skryf sy naam – en dan hét sy hom. So vas soos in 'n vuis, al is hy nou op Zandvliet, baie ver hiervandaan. In haar vuis het sy hom en dit is waar hy hoort. Dit is wat skryf met 'n mens doen (Brink, 2012: 189).

Ook in *Suiker* word die slawe se vermoë om te kan lees en skryf aan hulle bevryding gekoppel; Hendrik se opstandigheid en sy besluit om weg te loop en by die marrons aan te sluit, kom nadat hy leer lees en skryf het (McLeod, 1997: 154). Wanneer Julius sy seun Jethro leer lees en skryf, sit Mini-mini by en leer saam met Jethro. Die beskrywing laat blyk hoe teer die verhouding tussen die drie is en dat Mini-mini as volwaardige lid van die gesin daar hoort (McLeod, 1997: 251). Alex, die lyfslaaf van Rutger le Chasseur, leer om elementêre skryftake uit te voer en koop homself vry om later as betaalde werker by Rutger in diens te gaan. Die volgende beskrywing van Alex lei 'n tweede metafoor van bevryding in:

Hij had hard gespaard om zich vrij te kopen en was nu al een jaar vrij man. Toen hij de brief van manumissie in handen kreeg, had Rutger gezegd: 'Nu ben je een vrij mens, Alex. Wat ga je doen nu je vrij bent?' En Alex had geantwoord dat hij graag bij de masra wilde blijven werken. Hij was nu bode op het kantoor beneden, liet de mense binnen, hield afspraken bij, enzovoort. Hij zat aan een tafeltje naast de voordeur, altijd keurig gekleed met glimmend gepoetste schoenen aan. Want dat was het eerste wat Alex met zijn geld gekocht had: schoenen. Vanaf dat hij vrij was had niemand hem zonder schoenen gezien (McLeod, 1997: 203-204).

In *Philida* is skoene eweneens 'n metafoor van vryheid. Philida sê in die aanvang van die roman: “die man of vrou met skoene aan die voete, dié is nie slaaf se kind nie, dié is 'n vrye mens. Dié is *mens*” (Brink, 2012: 23) (kursief oorspronklik). Frans se opmerking, “vir haar was dit eintlik nooit die vrykoop self wat saak maak het nie, dit was die skoene” (Brink, 2012: 33), openbaar 'n oppervlakkige begrip van hoe Philida haar vryheid beleef.

Wanneer die slawe in 1834 gedeeltelik vrygestel word, word dit bevestig met die paar skoene wat Floris vir elke slaaf op die De la Bat-werf maak. Dit is een van Philida se kosbaarste besittings waarmee sy na ware vryheid in die Gariëp kan stap. Sy verwoord haar nuutgevonde vryheid en menswaardigheid so: “Ek is nie van plan om suutjies te loop as ek ’n spring in my het nie. Jy vergeet ek dra nou skoene” (Brink, 2012: 286).

Die strewe na vryheid is ’n deurlopende motief in die slaweroman. Vir sommige is dit beskore, vir ander nie. Sommige kan dit simbolies bevestig, met skoene of skrif, en dit fisies en metafisies beleef. Vir ander bly dit ’n vooruitsig, ’n berusting in die belofte van vryheid in die hiernamaals. In die Gariëp kry Philida die gewaarwording van wat dit beteken om vry te wees: “Ek, Philida van die Caab. Hierdie ek wat vry is. Hierdie ek wat nou Gariëp is. Ek wat slaaf was. Wat mens is. Ek wat eintlik alles is” (Brink, 2012: 310). Wanneer Ashana in *Suiker* ná die genadelose sweepstraf aan haar wonde beswyk, is haar sterwenswoorde: “Wees niet bedroef masra, ik ga naar huis, mijn huis kent geen slavernij” (McLeod, 1997: 132).

5. Slot

Hierbo is aandag gegee aan twee aspekte, te wete die lot van slawevroue en die strewe na vryheid, wat in historiese bronne oor slawerny opgeteken is en deur sowel McLeod as Brink in hul onderskeie uitbeeldings belig is. Die erbarmlike lot van die slawevroue kan beswaarlik iets anders as skok by die moderne leser uitlok. By McLeod lei dit tot uitkoms in ’n geromantiseerde slot en gelukkige afloop. Brink laat sy Philida-figuur na ’n meer geëmansipeerde posisie beweeg en laat haar verset toe. Die metafore van vryheid wys op ’n toekomsverwachting waarin mense- en vroueregte en vryhede bereik sal word.

Bostaande analise bewys dat Jansen se voorstel inderdaad groot moontlikhede inhou. ’n Vergelykende studie van Afrikaanse en Nederlands-Karibiese slaweromans bied geleenthede om raakvlakke tussen die literature verder te ondersoek. Sleuteltekste soos Albert Helman se *De stille plantage* en Cola Debrot se *Mijn zuster de negerijn* sou met vrug die onderwerp van verdere vergelykende ondersoek kon wees. Hierby kan ook die Nederlands-Indiese en Indonesiese literatuur betrek word, wat perspektiewe kan gee op die uitbeelding van mense van gemengde afkoms.

Bronnelys

- Beaulieu, Elizabeth Ann.** 1999. *Black Women Writers and the American Neo-Slave Narrative: Femininity Unfettered*. Westport, Connecticut en Londen: Greenwood Press.
- Blakely, Allison.** 1993. *Blacks in the Dutch World: The Evolution of Racial Imagery in a Modern Society*. Bloomington: Indiana University Press.
- Boos, Carla.** 2011. *De slavernij: Mensenhandel van de koloniale tijd tot nu*. Amsterdam: Uitgeverij Balans.
- Brink, André P.** 2012. *Philida: 'n slaweroman*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Coetser, Johan.** 2014. *Die see* (2011) deur Reza de Wet: 'n slawedrama? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 54(2): 235-247.
- De Villiers, Johan.** 2012. Die Nederlandse era aan die Kaap, 1652-1806. In: Pretorius, Fransjohan (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg: 39-62.
- Dooling, Wayne.** 2007. *Slavery, Emancipation and Colonial Rule in South Africa*. Scottsville: University of Kwazulu-Natal Press.
- Gerwel, Jakes.** 2012. Intieme wreedheid – of wrede intimiteit. *Die Burger*, 9 September.
- Jansen, Ena.** 2009. Slavernijromans als beginpunt voor een vergelijkend onderzoek tussen literatuur uit Zuid-Afrika en het Nederlands-Caribisch gebied. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* 16(1): 3-28.
- Jansen, Ena, 2012.** *Philida* lofwaardig én noodsaaklik. *Beeld Boeke*, 3 September.
- Le Cordeur, Michael.** 2013. *Philida* – van slavin tot geëmansipeerde vrou. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 53(3): 490-494.
- Malan, Rian.** 2012. On the brink of déjà vu. *Sunday Times Books*, 9 September.
- McLeod, Cynthia.** 1997 [1987]. *Hoe duur was de suiker?* Amsterdam: Ooievaar.
- Murray, Jessica.** 2010. “Dit kom daarop neer dat ek nie vergete was nie”: Die vroulike liggaam, gender en geweld in Suid-Afrikaanse slawenarratiewe. *Litnet Akademies* 7(3): 302-322.
- Pretorius, Fransjohan (red.).** 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Rushdy, Ashraf H.A.** 1999. *Neo-slave Narratives: Studies in the Social Logic of a Literary Form*. New York en Oxford: Oxford University Press.
- Smeulders, Valika.** 2012. Slavernij in Perspectief: Mondialisering en erfgoed in Suriname, Ghana, Zuid-Afrika en Curaçao. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Rotterdam: Erasmus Universiteit.
- Van Bart, Marthinus.** 2012. *Kaap van slawe: Die Britse slawebedryf van 1562 tot 1910: Met spesiale verwysing na die Kaap van Goeie Hoop vanaf 1680*. Tokai: Historical Media.

- Van de Louw, Gilbert.** 1995. *Hoe duur was de suiker* een historische roman? *Kruispunt* 161: 421 – 446.
- Van Engelen, Marcel.** 2013. *Het kasteel van Elmina: In het spoor van de Nederlandse slavenhandel in Afrika*. Amsterdam: De Bezige Bij.
- Van Galen, John Jansen.** 2013. *Afscheid van de Koloniën: het Nederlandse dekolonisatiebeleid 1942-2012*. Amsterdam en Antwerpen: Uitgeverij Atlas Contact.
- Van Kempen, Michiel.** 2003. *Een Geschiedenis van de Surinaamse Literatuur, Band I en II*. Breda: Uitgeverij De Geus.
- Van Zwol, Coen.** 2013. Balans slaaf en meester. *NRC Cultuur*, 25 September.
- Viljoen, Louise.** 2002. Kan die slaaf praat? Die stem van die slaaf in enkele Brink-romans. *Stilet* 14 (2): 92-116.
- White, Deborah Gray.** 1987. *Ar'n't I A Woman? Female Slaves in the Plantation South*. New York en Londen: W.W. Norton & Company.